# HOËRSKOOL LICHTENBURG

Hoërskool Lichtenburg
Scholtzstraat 1
Lichtenburg
Faks: (018) 632 6204
Tel: (018) 632 6202/3

1921

Hoërskool Lichtenburg
Privaatsak X 12042
Lichtenburg
2740

www.lichies.co.za
skoolhoof@nwisp.co.za


# AANSOEK OM TOELATING 2023

Geagte voornemende Ouer:

Dankie vir u aansoek om toelating van u kind by Hoërskool Lichtenburg vir 2023.

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

- **NB:** Hoërskool Lichtenburg is 'n **Kwintiel 4-skool** – m.a.w. betaling van skoolfonds is **verpligtend**.
- Onvoltooide en **onvolledige** aansoekvorms kan ongelukkig **nie oorweeg word nie**.
- Alle nodige bewyse en dokumentasie moet by die aansoek ingesluit wees.
- Alle aansoekvorms moet per hand ingehandig word by die Leerderaangeleenthede kantoor – **aansoeke sluit 31 Augustus 2022** – (10h00).
- Die volgende dokumentasie moet by die aansoekvorm ingesluit wees:
  - Een **ID-foto** van die leerder (aansoeker) in skooldrag.
  - 'n Afskrif van die leerder se **geboortesertifikaat / identiteitsdokument**.
  - 'n Afskrif van die leerder (aansoeker) se Maart / Julie 2022 **rapport**.
  - 'n Afskrif van die leerder (aansoeker) se **vader en moeder** se identiteitsdokumente.
  - Indien van toepassing: 'n Afskrif van die **wettige voog** se identiteitsdokument met 'n kopie van die wettige voogskapdokument.
  - 'n Oorspronklike en onlangse (binne 30 dae van aansoek) **Munisipale rekening** (water en ligte rekening), Eskom rekening of bankstaat wat die **fisiese woonadres** van die ouer/s waar die leerder woon, aantoon.
  - Bewys van verblyf is verpligtend. **Neem kennis dat munisipale briewe nie aanvaar word nie.**

**[Indien enige dokumentasie ontbreek, sal die aansoek nie oorweeg word nie]**
**Geen afskrifte word by die skool gemaak nie.**

- Alle aansoeke sal op 30 September 2022 afgehandel wees. Die aansoeker sal skriftelik of per sms ingelig word of die aansoek suksesvol was.
- Enige aansoeker wat meer as twee jaar ouer is as die statistiese ouderdomnorm van die betrokke graad, (Graadjaar + 6jaar) sal nie vir toelating oorweeg word nie.
- Deur hierdie aansoek te voltooi vir toelating tot Hoërskool Lichtenburg, onderneem die aansoeker, die ouers of voogde van die aansoeker dat, wanneer die aansoek goedgekeur word, die aansoeker gebind sal wees tot die Gedragskode vir Leerders, Skoolreëls en Regulasies vir die volle tydsduur wat die aansoeker 'n voltydse, ingeskrewe leerder van Hoërskool Lichtenburg is.

Toelatingsekretaresse:
Me. Annalien van Schanke
Hoërskool Lichtenburg
Privaatsak X 12042
Lichtenburg
2740
Tel: (018)-632-6202
e-pos: annalien@nwisp.co.za

Die uwe

**MNR. D. MATHEE**
**SKOOLHOOF**
**HOËRSKOOL LICHTENBURG**

| | |
|---|---|
| **Toelatingsnr.** | |
| **Graad** | |
| **Datum ontvang by skool** | |
| **Tyd van ontvangs** | |

## AFDELING A: LEERDER SE PERSOONLIKE BESONDERHEDE

**FOTO**
Leerder moet in huidige Laerskool se skooldrag in Graad 7 wees.
**Alle aansoeke sonder, 'n Foto sal afgekeur word.**

**Dokumentasie benodig:**

- Gesertifiseerde afskrif van leerder se **Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Graad 7 Rapport** – Maart / Julie 2022**.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van | | Voorletters | |
| Geboortename | | | |
| Noemnaam | | | |
| Geboortedatum [dd/mm/jjjj] | | Geslag | |
| Ouderdom soos op 31 / 12 / 2022 | | | |
| Aantal kinders in die gesin | | Posisie in die gesin | |
| Aantal broers of susters tans in Hoërskool Lichtenburg | | | |
| Indien wel, verskaf naam & graad van broer of suster | Naam & Van | | |
| | Graad | | |
| | Broer / Suster | | |
| | Naam & Van | | |
| | Graad | | |
| | Broer / Suster | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BEVOLKING / RAS** | Asiër | | Kleurling | | Swart | | Indiër | |
| | Wit | | Ander [spesifiseer] | | | | | |
| **ID / PASPOORTNOMMER** | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| **BURGERSKAP** | Land van verblyf | |
| | Burgerskap | |
| | Indien RSA, dui aan die provinsie waar ouers woon | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **KONTAKBESONDERHEDE** | Woonadres van Biologiese ouers | | | | |
| | Posadres van Biologiese ouers | | | | |
| | Stad/Dorp/Woonbuurt | | | | |
| | Huistelefoonnommer | | Noodgeval- nommer | | |
| | Selfoonnr. van leerder | | | | |
| **TAALVOORKEUR** | Huistaal | | | | |
| | Enige ander taalvaardigheid | Praat | | Lees | |
| | | Skryf | | Ander | |

| | | |
|---|---|---|
| **STATUS VAN GESIN** | ☐☐☐ | 1: Beide ouers 2: Stiefpa 3: Stiefma 4: Wewenaar 5: Weduwee 6: Voogde<br>7: Geskei, bly by pa 8: Geskei, bly by ma 9: Vervreem, bly by pa<br>10: Vervreem, bly by ma 11: Ander 12: Woon saam<br>13: Enkel ouer (nooit getroud) 14: Stiefpa/eie ma 15: Eie pa/stiefma<br>16: 2de Huwelik 17: Enkel ouer |
| | Leerder bly by Vader ☐ Moeder ☐ Ander ☐<br>Indien ander, spesifiseer: | |
| **KERKVERBAND** | Kerkdenominasie | Gemeentenaam |

## AFDELING B: SKOOLBESONDERHEDE, PRESTASIES & REKORDS

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **HUIDIGE SKOOL** | Naam van huidige skool | | | Provinsie | |
| | Adres van huidige skool | | | | |
| | | | | Kode | |
| **PRESTASIES [Meld alle prestasies]** | Sport | | | | |
| | Kultuur | | | | |
| | Leierskap | | | | |
| | Akademie | | | | |
| | Toekennings Gr. 6/7 | | | | |
| **DISSIPLINÊRE REKORD** | Betrokke by enige dissiplinêre oortredings | Ja | | Nee | |
| | Aard van wangedrag, indien van toepassing | | | | |

## AFDELING C: MEDIESE BESONDERHEDE VAN LEERDER / AANSOEKER

<table>
<tr><td rowspan="3">MEDIESE FONDS</td><td>Naam van mediese fonds</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Mediese Fondsnommer</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Naam van hooflid</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td rowspan="4">GENEESHEER</td><td>Naam van dokter in Lichtenburg</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Naam van mediese praktyk</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Telefoonnommer van dokter</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Adres van dokter</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td rowspan="4">MEDIESE TOESTANDE</td><td>Enige gesondheidsprobleme</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Mediese toestand waarvan die skool bewus moet wees</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Enige allergieë<br>[Meld bepaalde allergie, indien enige]</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>In geval van Nood<br>Mag Skool algemene medikasie toedien?</td><td>Ja</td><td></td><td>Nee</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td>Mediese opdrag indien NEE geantwoord by bogemelde vraag</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td rowspan="2">LEERGESTREMDHEDE</td><td>Enige leerbelemmering wat aangespreek moet word</td><td colspan="4"></td></tr>
<tr><td>Is leerbelemmering deur deskundiges bevestig?<br>Indien wel, verskaf besonderhede en bewyse.</td><td colspan="4"></td></tr>
</table>

## AFDELING D: BESONDERHEDE VAN BIOLOGIESE VADER

(Neem kennis dat **beide biologiese ouers se besonderhede verskaf MOET word**, tensy 'n doodsertifikaat aangeheg word. Ouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds, ongeag die inhoud van 'n egskeidings-ooreenkoms. Kopie van biologiese vader se ID moet aangeheg word.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NAAM EN VAN** | Titel | | Voorletters | | Van | | |
| | Geboortename | | | | | | |
| | ID-Nommer | | | | | | |
| | Huistaal | | | | | | |
| **BEROEP** | | | | | | | |
| **WERKGEWER** | Naam van werkgewer | | | | | | |
| | Adres van werkgewer | | | | | | |
| **ADRESBESONDERHEDE** | Fisiese woonadres ouers | | | | | | |
| | | | | | | Kode | |
| | Posadres ouers | | | | | | |
| | | | | | | Kode | |
| **KONTAKBESONDERHEDE** | Telefoonnommer huis | | | | | | |
| | Telefoonnommer werk | | | | | | |
| | Selfoonnommer | | | | | | |
| | E-pos adres | | | | | | |

## AFDELING E: BESONDERHEDE VAN BIOLOGIESE MOEDER

(Neem kennis dat **beide biologiese ouers se besonderhede verskaf MOET word** tensy 'n doodsertifikaat aangeheg word. Ouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds, ongeag die inhoud van 'n egskeidings-ooreenkoms. Kopie van biologiese moeder se ID moet aangeheg word.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **NAAM EN VAN** | Titel | | Voorletters | | Van | |
| | Geboortename | | | | | |
| | ID-Nommer | | | | | |
| | Huistaal | | | | | |
| **BEROEP** | | | | | | |
| **WERKGEWER** | Naam van werkgewer | | | | | |
| | Adres van werkgewer | | | | | |
| **ADRESBESONDERHEDE** | Fisiese woonadres ouers | | | | | |
| | | | | | Kode | |
| | Posadres ouers | | | | | |
| | | | | | Kode | |
| **KONTAKBESONDERHEDE** | Telefoonnommer huis | | | | | |
| | Telefoonnommer werk | | | | | |
| | Selfoonnommer | | | | | |
| | E-pos adres | | | | | |

## AFDELING F: BESONDERHEDE VAN WETTIGE VOOG

Die skool benodig twee skriftelike verklarings, waarsonder die aansoek afgekeur sal word:

- ’n **Eedsverklaring** ten opsigte van voogdyskap / toesig of sorg en beheer van die leerder verleen aan ’n persoon anders as die biologiese ouers.
- ’n **Eedsverklaring** waarin die wettige voog onderneem dat hy / sy die volle verantwoordelikheid vir die leerder neem.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **NAAM EN VAN** | Titel | | Voorletters | | Van | |
| | Geboortename | | | | | |
| | ID-Nommer | | | | | |
| | Geslag | Manlik | | Vroulik | | |
| | Huistaal | | | | | |
| **HUWELIKSTATUS VAN VOOG** | Getroud | | Ongetroud | | Geskei | |
| | Vervreemd | | Weduwee / Wewenaar | | Ander (spesifiseer) | |
| **BEROEP** | | | | | | |
| **WERKGEWER** | Naam van werkgewer | | | | | |
| | Adres van werkgewer | | | | | |
| **ADRESBESONDERHEDE** | Fisiese woonadres voog | | | | | |
| | | | | | Kode | |
| | Posadres voog | | | | | |
| | | | | | Kode | |
| **KONTAKBESONDERHEDE** | Telefoonnommer huis | | | | | |
| | Telefoonnommer werk | | | | | |
| | Selfoonnommer | | | | | |
| | E-pos adres | | | | | |

## AFDELING G: BESONDERHEDE VAN FAMILIELID IN GEVAL VAN NOOD

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **PERSOONLIKE BESONDERHEDE** | Van | | | |
| | Naam | | | |
| | Verwantskap | | | |
| | Telefoonnommer huis | | Telefoonnommer werk | |
| | Selfoonnommer | | E- pos adres | |

## AFDELING H: SKOOLFONDS EN BETALINGS

Die **persoon wat verantwoordelik is vir betaling** van skoolfonds moet hierdie afdeling voltooi:

- Die betaling van skoolfonds is **VERPLIGTEND** volgens die SA-Skolewet klousule 84 van 1996, tensy 'n ouer/verantwoordelike persoon in geheel of gedeeltelik vrygestel is van die betaling van skoolfonds.
- Skoolfonds word vasgestel tydens die jaarlikse ouervergadering en is jaarliks vooruit **voor of op 31 Januarie** betaalbaar.
- Alternatiewe reëlings om die skoolfonds in 10 gelyke paaiemente te betaal vanaf **Januarie tot Oktober**, mag met die finansiële kantoor getref word.
- Moratore rente is betaalbaar op agterstallige betalings. Regstappe sal geneem word teen persone wie se rekeninge meer as 90 dae agterstallig is en is u in so geval aanspreeklik vir betaling van alle regskoste op 'n prokureur en kliëntskaal, asook opsporingskoste en invorderingskommissie teen 10% plus BTW per betaling.

Versuim om hierdie afdeling behoorlik en korrek te voltooi mag daartoe lei dat die aansoek afgekeur word. (Let daarop dat ongeag wie hierdie gedeelte van die vorm voltooi, albei ouers gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **PERSOONLIKE BESONDERHEDE** | Van | | | |
| | Geboortename | | | |
| | ID-Nommer | | | |
| | Werkgewer | | Beroep | |
| | Woonadres | | | |
| | | | Kode | |
| | Posadres | | | |
| | | | Kode | |
| | Telefoonnommer huis | | Telefoonnommer werk | |
| | Selfoonnommer | | | |
| | E-pos adres | | | |
| **VERWANTSKAP T.O.V. LEERDER / AANSOEKER Bv. Ouer, Borg, Werkgewer van ouer ens.** | | | | |

## AFDELING I: ONDERNEMING VIR BETALING VAN DIE SKOOLFONDS

**HIERDIE GEDEELTE MOET DEUR DIE PERSOON WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE BETALING VAN DIE SKOOLFONDSREKENING, ASOOK ALBEI OUERS/VOOGDE VOLTOOI WORD:**

Ek, ________________________________________________, asook ons ondergetekende ouers, het al die bladsye / dokumente wat in hierdie aansoekvorm vervat is, gelees en aanvaar volle verantwoordelikheid vir die betaling van die skoolgeld van ___________________________________________(**naam van leerder**) betaalbaar, soos vasgestel op die jaarlikse ouervergadering van Hoërskool Lichtenburg. Ek aanvaar dat die skoolgeld jaarliks vooruitbetaalbaar is voor of op 31 Januarie van elke jaar, alternatiewelik kan ek versoek dat die skoolgeld oor 'n tydperk van 10 maande vanaf Januarie tot Oktober elke jaar per debietorder afbetaal word, alternatiewelik kan ek aansoek doen vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld.

**Ek oefen die volgende keuse uit: (merk asseblief die toepaslike blokkie)**

Eenmalig voor of op 31 Januarie 2023 ☐

Maandeliks per debietorder oor 10 (tien) maande ☐ of;

Aansoek om vrystelling / gedeeltelike vrystelling ☐

Ek aanvaar verder aanspreeklikheid vir betaling van prokureurskoste op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt en rente tesame met opsporingskoste en invorderingskommissie teen 10% plus BTW per betaling, in geval waar ek oorhandig sou word vir regsinvordering van skoolgelde betaalbaar.

En ons, die ondergetekende ouers /voogde van die gemelde leerder aanvaar hiermee tesame en afsonderlik aanspreeklikheid vir betaling van die skoolgeld en aanvaar verder tesame en afsonderlik aanspreeklikheid vir alle verpligtinge soos uiteengesit in hierdie aansoekvorm, insluitend maar nie beperk nie tot Afdeling H en I hiervan.

Geteken op hierdie ________________dag van _________________________2022 te ________________________________________.

| ______________________ | _________________________ | ___________________ |
|---|---|---|
| HANDTEKENING VAN DIE OUER / VOOG | NAAM VAN DIE OUER / VOOG | DATUM |

**GETUIE 1:**

NAAM: ________________________________________________

HANDTEKENING: ________________________________________________

**GETUIE 2:**

NAAM: ________________________________________________

HANDTEKENING: ________________________________________________

## AFDELING J: BEVESTIGING & ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG

**Die ouer / voog bevestig dat, met die aansoek om toelating van die leerder, hy / sy bewus is van die volgende:**

1. Voltooiing van hierdie aansoekvorm waarborg **nie outomaties toelating nie**.
2. Ek is bewus dat my seun/dogter se aansoek met inagneming van die voorgeskrewe toelatingsvereistes en beskikbare plek in die skool oorweeg sal word.
3. Ek is bewus daarvan dat die volgende dokumente by die aansoek ingesluit moet wees:
   - Een onlangse **2022 ID-grootte foto** van die leerder.
   - Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.
   - Nuutste skoolrapport – Maart /Julie 2022.
   - Gesertifiseerde afskrif van beide ouers (moeder en vader) of voog se identiteitsdokumente.
   - 'n Oorspronklike en onlangse (binne 30 dae van aansoek) Munisipale rekening (water en ligte rekening) of Eskom rekening wat die woonadres aantoon.
   - **Bewys van verblyf is <u>verpligtend.</u>**
   - **Die volgende is <u>nie 'n bewys van woonadres nie</u>:**
     - Aanbod om eiendom te koop.
     - Huurkontrak korter as een jaar.
     - Neem asseblief kennis dat onderverhuring van 'n eiendom nie aanvaarbaar is as 'n woonadres in die skool se voedingsarea nie.
     - Die adres van familie, die uitgebreide familie of die van volwassenes wat versorging in terme van tradisionele gebruike voorsien.
     - **Neem asseblief kennis dat briewe deur die Munisipaliteit nie aanvaar word nie.**
   - Gesertifiseerde afskrif van die **<u>hofbevel tot voogdyskap</u>** (waar van toepassing).

**Ek / ons die ouer(s) / voog onderneem om, indien die leerder / aansoeker toegelaat word, aan die volgende gehoor te gee:**

- Die gedragskode vir leerders te onderteken en om al die reëls en voorskrifte van die skool t.o.v. gedrag ten alle tye na te kom.
- Die voorgeskrewe skoolfonds te betaal.
- Ek neem kennis van en aanvaar die taalbeleid van Hoërskool Lichtenburg en verstaan dat die skool 'n **Afrikaans Medium Skool** is.
- My kind sal die skooldrag en algemene voorkomsreëls van Hoërskool Lichtenburg eerbiedig.
- Ek neem kennis van die skool se waardesisteem: Geloof, integriteit, verantwoordelikheid en uitnemendheid.
- Ek kan met hierdie waardes identifiseer en beloof om die skool te ondersteun om dit te verwesenlik.
- Ek verklaar dat ons as ouers / voog bereid is om te enige tyd, soos versoek, vir 'n onderhoud na die skool te kom.
- Ek verklaar dat ons as ouers/voog hiermee aan die skool en / of die personeel volmag verleen om in dringende gevalle namens my as ouer / ons as ouers / my as voog op te tree en besluite te neem in die beste belang van my kind, soos in geval van ongelukke, epidemies of skielike siekte.

Ek verklaar dat die inligting wat ek verskaf het, **WAAR en KORREK** is en het geen valse of verkeerde inligting voorsien nie.

Ek verklaar voorts dat ek geen inligting waarvan die skool kennis behoort te neem, weerhou het nie.

**OUER / VOOG 1 Handtekening**: …………………………………………………………………..

**OUER / VOOG 2 Handtekening**: …………………………………………………………………..

**DATUM**: ………………………………………..

## AFDELING K: VIR AMPTELIKE GEBRUIK

| **KONTROLELYS VAN AANSOEKINLIGTING EN DOKUMENTASIE:** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2021 ID-foto | Ja | | Nee | | |
| Gesertifiseerde afskrif van geboortesertifikaat | Ja | | Nee | | |
| Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers se ID. | Ja | | Nee | | |
| Oorspronklike munisipaliteitsrekening. | Ja | | Nee | | |
| Afskrif van Maart / Julie 2022 rapport. | Ja | | Nee | | |
| Oorplasingsertifikaat van vorige skool | Ja | | Nee | | |
| Afdeling A voltooi en nagegaan. [Persoonlike besonderhede] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling B voltooi en nagegaan. [Skolastiese besonderhede] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling C voltooi en nagegaan. [Mediese besonderhede] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling D voltooi en nagegaan. [Biologiese Vader] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling E voltooi en nagegaan. [Biologiese Moeder] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling F voltooi en nagegaan. [Voog] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling G voltooi en nagegaan. [Noodgeval] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling H voltooi en nagegaan. [Skoolfonds] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling I voltooi en onderteken. [Onderneming om te betaal] | Ja | | Nee | | |
| Afdeling J voltooi en onderteken. [Onderneming en Bevestiging] | Ja | | Nee | | |
| Kommentaar deur toelatingsbeampte: | | | | | |
| Beheerliggaam toelatingskomitee: | | | | | |

| Goedgekeur | Nie goedgekeur nie | Hangend |
|---|---|---|
| Rede waarom nie goedgekeur nie: | | |

**VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM**

Skoolstempel: Datum ontvang

**DATUM**